

## **Sing vooraf staande: Psalm 1:4 (p. 2)**

- 4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan  
en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het –  
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
krachtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 33:5 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.  
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.  
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.  
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

## Geloofsbelydenis Nicea

Wet

## Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,  
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.  
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

## Psalm 38:17 (p. 193)

- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!  
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Skriflesing: 2 Konings 13

Teks: 2 Konings 13:21

**... en toe die man met die gebeente van Elisa in aanraking kom, het hy  
lewendig geword en opgestaan op sy voete. (2 Konings 13:21 AFR53)**

Daar is geen grense wat die mag van God beperk nie. Nie eers die grense van 'n graf of van  
die dood nie.

- 1. Die getuienis uit Elisa se graf**
- 2. Die getuienis uit ons lewens**

### **1. Die getuienis uit Elisa se graf**

Kort en saaklik word vertel dat Elisa dood is.

- Volgens Skrifverklaarders was Elisa op sy jongste 85 jaar oud toe hy gesterf het.
- Hy het waarskynlik in Samaria gesterf en is toe in Abel-Mehola begrawe.
- Die dag toe Elia Elisa geroep het as sy opvolger, was Elisa juis daar besig om te ploeg met twaalf spanne osse.

Die omstandighede waaronder die volk gelewe het in die tyd toe Elisa dood is, was maar sleg.

- In die klompie jare kort voor Joahas se dood en ook nog vir 'n paar jaar daarna, was die ryk van Israel baie verswak.
- Dit het tot gevolg dat die Ammoniete en die Moabiete strooptogte op die Israeliete uitgevoer het.

Op 'n dag was die Israeliete besig om iemand te begrawe toe daar juis so 'n roofbende opdaag.

- Die begrafnisgangers was baie in die noute, want as gevolg van die dreigende gevaar moes hulle vlug.
- Hulle was baie bekommerd oor die dooie, want as hulle moes vlug, was daar nie geleentheid om hom in sy eie graf te kry nie en dan sou hy onbegrawe bly.
- Dit was iets wat vir 'n Jood uit daardie tyd totaal ondenkbaar was.

Blykbaar was die graf van Elia nader aan hulle as wat die graf was waarin hulle die dooie wat hulle gedra het, wou gaan begrawe. Toe het hulle vinnig die klip van Elisa se graf af weggerol en die dooie man in die graf ingestoot en gevlug.

Dan laat die Here 'n wonderwerk gebeur.

- Die oomblik toe die dooie man aan die beendere van Elisa raak, het hy lewendig geword.
- Die Bybel sê dat hy op sy voete gaan staan het.

Wat is die betekenis van hierdie gebeurtenis? Om dit te kan verklaar, is dit goed om te kyk na sowel Elia as Elisa se einde.

- Elia het nie gesterf nie – hy is deur die Here met 'n wa van vuur en perde van vuur opgeneem in die hemel.
- Elisa is wel dood en begrawe, maar in sy graf het daar hierdie wonderwerk gebeur van die dooie man wat lewendig geword het toe sy liggaam aan die beendere van Elisa geraak het.
- Met hierdie twee gebeurtenisse openbaar die Here dat vir sy getroue knegte die dood oorwin is.

Die laaste woord wat gesê word oor die wat die Here opreg dien, is nie 'n woord van dood nie, maar 'n woord van lewe.

- Al twee kere sien ons Jesus Christus op die agtergrond.
- Elia hoef nie te sterf nie, want daar is iemand anders wat vir hom deur die dood gegaan het.
- Elia is ook nie die enigste een wat langs die dood verbygegaan het nie. Nog so 'n persoon is Henog.

Hebreërs 11:5 sê van Henog die volgende:

**Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het. (Hebreërs 11:5 AFR53())**

Ons almal sal sekerlik toegee dat die ding wat Henog en Elia oorgekom het, uitstaande en besonders was.

- Tog is wat met Elisa gebeur het, nie minder uitsonderlik nie.
- Hy sterf en word begrawe – maar as ons Johannes 11:25 in gedagte hou, dan word dit duidelik dat Elisa se graf 'n profesie was van lewe en opstanding.

In Johannes 11 word die opwekking van Lasarus verhaal. In vers 25 sê Jesus vir Martha:

**Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.**  
(Johannes 11:25 AFR53)

Hiermee saam moet ons die uitsprake van die Here Jesus in Matteus 22:32 en Markus 12:27 onthou waar die Here Jesus sê:

**God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes.** (Matteus 22:32 AFR53)

Dieselfde geld van Lukas 20:38 waar Jesus ook sê dat God nie 'n God van dooies is nie, maar van lewendes, omdat almal vir Hom leef.

## 2. Die getuienis uit ons lewens

Ons almagtige en ewige God maak sy almag oor tyd en ewigheid op baie maniere bekend.

- Met die opstanding van hierdie dooie wat in Elisa se graf ingegooi word, openbaar die Here in die Ou Testament al dat die dood nie onbeperk heers nie – selfs nie eers in grafte nie!
- Later, in die Nuwe Testament, het die Here hierdie saak werklik en waar gemaak in die oorwinning van ons Here Jesus oor die dood.

Paulus skryf daarvan in 1 Timoteus 1:10 waar hy leer dat die Here Jesus Christus die dood tot niet gemaak het.

- Hy het die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring.
- Die insident in 2 Konings 13:21 was op daardie tydstip toe dit gebeur het, profeties daarvan dat die Here Jesus die grense van die dood in elke opsig tot niet sou maak.

Al hierdie dinge het nie sonder gevolge vir ons eie lewens en getuienis gebeur nie.

- Besef ons nog werklik die onbegrensde almag van God?
- Vra elkeen vir uself die vraag of daar van u af 'n getuienis vir die Here uitgaan wat spore van lewe nalaat – soos wat die geval was met Elia en Elisa.

Broeders en susters ken u die onbeperkte almag van die Here?

- U moet werklik en opreg weet dat Hy vir u die grense van die graf en die dood weggebreek het toe Hy daardie Sondagoggend uit die graf van Josef van Arimatea opgestaan het.
- Die feit is Hy het.

Laat ons getuienis spore van lewe na?

- Daar is 'n probleem, want as ons om ons rondkyk, is daar so baie dinge wat verkeerd is.
- Daar word in ons tyd nie net spore nie, maar inderdaad 'n pad van die dood aangelê.

Die pad van gelowiges wat die getuigenis van gehoorsaamheid en aanbidding aan die hoogste God bely en uitlewe, raak yler by die dag.

- Om ons groei daar 'n nalatenskap van mense wat bitter min respek het vir die God wat die grense van die dood stukkend gebreek het.

As ons kyk na al die skade wat in die skepping aangerig word, en hoe ons aarde in baie opsigte meer agteruitgaan as vooruit, vra ons onself die vraag of dit is hoe 'n erfenis lyk wat gelowiges wat die onbeperktheid van God se genade ken en bely, aan die geslagte wat hulle opvolg, nalaat.

- Iewers is daar 'n fout.
- Die verlossing wat ons in Jesus Christus ons Here het, word nie meer deur almal van ons beleef en uitgeleef nie.
- Daarom is daar soveel afval en verval in die geloof.

*Vandag moet ons almal saam weer nuut kyk na gebeure soos hierdie een, waar 'n dooie man opgewek is toe hy net aan 'n profeet se beendere geraak het. Dit moet ons beweeg tot ware geloof in die Here en daarmee saam eerlike bekering.*

In die jare wat kom, sal die wat vandag jonk is, die kerk van die Here verder moet neem.

- Hulle sal deur die Here geroep word om die dienste in die kerk te beklee.
- As ons dit gaan verwaarloos om hierdie geslag van die lewendmakende skeppingskrag van God te leer, sal ons nageslag hulle nie meer binne die kring van gelowiges bevind nie.
- Dan sal ons hulle ook nie in die hiernamaals in die koninkryk van God by ons hê nie.

In hierdie gebeurtenis van die dooie man wat lewendig geword het, het ons iets daarvan:

- Die Moabiete en die Ammoniete wat in daardie tyd die Israeliete met strooptogte besteel het, se voorouers was gelowiges.
- Hulle is nasate van Lot, Abraham se nefie.

Tera, Lot se oupa, was gelowig – hy is mos die tiende aartsvader van die sondvloed af.

- Maar Lot se geloof het nie meer die standaard gehad van sy oupa s'n nie.
- Nadat Lot van Sodom af weggevlug het, is hy deur sy dogters dronk gemaak en het hy by elkeen van hulle 'n kind gehad.

Uit daardie twee kinders is die heidenvolke gebore vir wie die Israeliete moes vlug toe hulle hierdie man gaan begrawe het.

Die betekenis daarvan is dat ons geloofsverantwoordelikheid in hierdie opsig gaan bepaal of die mense wat na ons kom, in die ware geloof en belydenis van die almagtige God gaan volhard.

Ons moet almal weer opnuut besef dat die Here almagtig is. Daar is niks wat sy wil raak of sy wil keer nie.

- Ons gehoorsaamheid aan Hom en ons aanbidding voor sy troon moet hiervan getuig.
- Die Here Jesus het ons, met die versoening wat hy aan die kruis volbring het, meer as oorwinnaars oor die dood en oor die sonde gemaak.
- In sy krag is daar geen bande wat ons kan bind nie: nie eers die dood nie – hoeveel minder dan al die ander lastighede wat in ons lewens opduik.

Kom ons bely die Here as die Enigste en as die Almagtige. En kom ons leef so getrou aan hierdie belydenis dat ons ook, soos die profete voor ons, aan die wêreld verkondig dat ons God lewe gee aan almal wat in Hom glo.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 107:10 (p. 535)

10 Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,  
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;  
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,  
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 6 Oktober 2013